

“Injustice anywhere is a threat to justice everywhere” Reverend Martin Luther King Jr

HISTORIESE SITRUS SAKE BY WHO GEMIK OP REGVERDIGHEID EN WETENSKAPLIKE AKKURAAATHEID

Verlede week het die Suid-Afrikaanse regering 'n geskiedkundige stap by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) geneem. Suid-Afrika het vir die eerste keer ooit met sake voor die WHO se Dispuutbeslegtingsliggaam (DSB) tot die sogenaamde “paneelstadium” gevorder. Dit beteken panele sal binne 'n aantal maande die saak moet aanhoor en oor 'n handelsoenigheid tussen Suid-Afrika en die Europese Unie moet beslis.

Die WHO se DSB is 'n relatief onbekende, maar uiters belangrike liggaam, wat die oppergesag van die reg in internasionale handel handhaaf. Dit verskaf meganismes waardeur dispute besleg kan word, en dit verseker die stabiliteit wat nodig is vir globale handel om glad en regverdig te funksioneer.

Die kwessies waaroor die DSB moet beslis, gaan oor plantgesondheidsmaatreëls wat die EU op sitrus wat uit Suid-Afrika ingevoer word, ingestel het. Hierdie maatreëls word deur die EU as nodig beskou om dit teen twee sitrusplantgesondheidsbedreigings te beskerm: Sitrusswartvlek (CBS) en Valskodlingmot (VKM).

Suid-Afrika het reeds 'n wêreldklas en robuuste plantgesondheidstelsel gehad wat verseker dat slegs veilige, kwaliteit vrugte uitgeoer word. Alhoewel maatreëls reeds in 1992 op CBS ingestel is, is die bykomende CBS- en VKM-maatreëls onlangse ontwikkelings. Suid-Afrika moet nou aan hierdie onnodige regulasies voldoen, wat bykomende inspeksies, meer intensiewe spuitprogramme, oormatige kouebehandelingsprotokolle, talle monsternemings- en assesseringsprosedures en verskeie ander vorme van duur administrasie insluit. Die nakoming van hierdie maatreëls plaas 'n geweldige las op plaaslike sitrusprodusente. Hulle moet jaarliks nagenoeg R4 miljard bestee net om aan dié maatreëls te voldoen. Daar is sitrusproduserende gebiede in Suid-Afrika wat CBS-vry is en CBS het nog nooit na daardie gebiede in Suid-Afrika versprei nie, maar die EU stel geleidelik strengere maatreëls in plek as gevolg van 'n vermeende risiko dat CBS na die EU sal versprei.

GEPAK EN VERSKEEP

Oor die jare het die variëteitsfokusgroepe al hoe beter geraak met hul oesskattings, en hulle is trots op hierdie akkuraatheid. Hierdie seisoen het baie mense laat kopkrap oor wat tot die verandering van die oorspronklike skatting na die huidige voorspelling gelei het. Een groot faktor was die prys om vrugte te versap – van die begin van die seisoen af het die aanvraag van verwerkingsaanlegte vir alle sektore, behalwe suurlemoene, meegebring dat marginale vrugte na hierdie aanlegte herlei is. Trouens, die prys het sodanig gestyg dat dit in baie gevalle sin maak om selfs uitvoerkwaliteit vrugte vir verwerking te stuur. Tesame hiermee was daar 'n merkbare afname in vruggrootte - dit het 'n impak op hoeveel kartonne die vrugte sal vul.

Baie glo dat die impak van El Nino eintlik groter was as wat verwag is, hittegolwe en gebrek aan reën op kritieke tye het minder vrug-ontwikkeling beteken, terwyl sommige streke sterk winde tydens blom gehad het wat die oes beïnvloed het. Dit beteken dat die gewone situasie waar minder vrugte groter vrugte beteken, nie die geval in 2024 was nie. Soos die bedryf die tweede helfte van die seisoen betree, sal lede van die variëteitfokusgroep vruggrootte fyn dophou om te bepaal of verdere vermindering in die oesvoorspellings nodig is, of nie. Wes-Kaapse produsente het die afgelope week nog 'n groot uitdaging ondervind met oormatige reën, sommige sê selfs groter as die 2023-vloede. Dit sal pak oor die volgende paar weke beïnvloed.

Einde van Week 27 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronk -like skatting	Nuutste voorspel- ling	Finaal gepak	Vision 260
BRON: PPECB/AGRIHUB	2022	2023	2024	2023	2024	2024	2024	2023	2024
Pomelo's	14.9 m	11.6 m	12.3 m	10.4 m	10.7 m	16.8 m	14.5 m	14.7 m	16.2 m
Mandaryne	17.3 m	20.4 m	20 m	15.9 m	15.3 m	43 m	42.7 m	38 m	39.6 m
Suurlemoene	26 m	28.8 m	26.3 m	24.6 m	21.5 m	37.9 m	35.1 m	35.6 m	39 m
Nawels	18 m	15.6 m	14.2 m	11.1 m	10.6 m	25.7 m	21.6 m	24.8 m	22.3 m
Valencias	7 m	9.1 m	7.4 m	5.1 m	3.6 m	58.3 m	54.3 m	52 m	55.4 m
Totaal	83.2 m	85.5 m	80.2 m	67.1 m	61.7 m	181.7m	168.2 m	165.1 m	172.5 m